Posbus 3467
DALVIEW
1544
Tel 011 743 3621/2/3/4
Faks 011 845 5124
E-pos:
hoof@volkskoolbrakpan.co.za
kantoor@volkskoolbrakpan.co.za

**SONNEVELD AKADEMIE**

Uitgawe

**2**

Dokument nommer
**SA-DIS-001**

# DISSIPLINÊRE KODE / - BELEID

# LEERDERS

| GOEDKEURING : HERSIENING | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Naam** | **Posisie** | **Handtekening** | **Datum** |
| Opgedateer deur | Steven Weber | Skoolhoof | | 17 Oktober 2018 |
| Aanbeveel deur | Mev Jooste | Beheerliggaamslid | | 19 Oktober 2018 |
| Aanbeveel deur | Beheerliggaam: Mev v Zyl | Voorsitter | | 26 Oktober 2018 |
| **HERSIEN EN GOEDGEKEUR : OUERVERGADERING - 8 NOVEMBER 2018** | | | | |
| **VIR IMPLEMENTERING VANAF 1 JANUARIE 2019** | | | | |

| HERSIENINGSGESKIEDENIS | | | |
|---|---|---|---|
| **Uitgawe** | **Gedeeltes beïnvloed** | **Nagegaan deur** | **Datum** |
| 2 | Totale Beleid | Mnr S Weber | Oktober 2018 |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

## 1. Uitgangspunt

Optredes van ouers, leerders en personeel by die skool moet te alle tye gerig wees op die skool se omskrewe waardestelsel, etos, karakter en landswette en moet voortdurend daarteen getoets word.

Die Beheerliggaam, op gesag van die ouervergadering, het die verantwoordelikheid om toesig te hou oor alle optredes in en om die skool en in besonder oor die handhawing van dissipline en die uitoefening van gesag. Derhalwe is die Beheerliggaam beklee met gesag, gedelegeer vanaf die ouervergadering, om te verseker dat skoolreëls, beleide en voorskrifte nagekom word. Hierdie gesag kan, binne die diskressie van die Beheerliggaam, verder gedelegeer word aan die skoolhoof met dienverstande dat die Beheerliggaam steeds die volle verantwoordelikheid behou om toe te sien dat die goeie orde en dissipline in die skool gehandhaaf word ooreenkomstige hierdie beleid.

Ter uitvoering van hierdie beleid is die Beheerliggaam tesame met die skoolhoof beklee met die mag om skoolreëls en voorskrifte daar te stel en af te dwing wat in lyn is met landswette en ander relevante regulasies om te verseker dat die goeie orde en dissipline in die skool gehandhaaf word. Vir hierdie doel is daar ook bepaalde strafmaatreëls en sanksies in plek gestel, wat gerig is op korrektiewe optrede, en is die Beheerliggaam, op gesag van die ouervergadering, beklee met die mag om hierdie strafmaatreëls en sanksie verder uit te brei en toe te pas ooreenkomstig hierdie beleid. Hierdie mag kan verder aan die skoolhoof gedelegeer word, met dienverstande dat die Beheerliggaam steeds verantwoordelik bly vir die uitvoering van die bepalings hiervan.

Deur hulle kinders onder die toesig van die skoolhoof en personeel by die skool te plaas, delegeer die ouer sy gesag aan die Beheerliggaam, skoolhoof, onderwyspersoneel en die wettige gesagstrukture van die skool om in skoolverband opvoedende dissiplinêre maatreëls te tref teenoor hulle kind binne die riglyne wat by die skool neergelê word. Die skoolhoof en onderwyspersoneel by die skool sal oor dieselfde regte as ‘n ouer beskik om die leerder ingevolge die dissiplinêre kode te beheer en te dissiplineer gedurende die tyd wat die leerder die skool, asook enige klas, skoolfunksie, skooluitstappie of skoolverwante aktiwiteit bywoon.

Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van die leerder berus by die ouers. Daar word verwag dat alle ouers die skool sal ondersteun en van leerders sal vereis word om alle skoolreëls en regulasies na te kom en verantwoordelikheid te aanvaar vir enige wangedrag aan hulle kant.

## 2. Benadering tot dissipline

Streng en opvoedkundige opbouende dissipline moet deurgaans in die skool gehandhaaf word wat in lyn is met landswette en regulasies. Toepassing van dissipline moet gerig wees op die skool se Christelike etos en karakter asook waardestelsels en moet ten doel het om leerders se negatiewe gedrag te korrigeer met die doel om standhoudend van aard te wees. Derhalwe, moet die benadering tot hierdie beleid gerig wees op die daarstelling en instandhouding van ‘n veilige, geborge en stimulerende leeromgewing vir alle leerders van die skool waarbinne leer effektief en doeltreffend kan plaasvind.

In die uitoefening van dissipline moet daar uiters omsigtig te werk gegaan word. Dit moet nie as vergelding of wraakneming benader word of so gesien word nie. Straf moet oordeelkundig en met deernis toegepas word om leerders op die regte pad te hou of hulle terug te bring op die regte pad, wanneer hulle negatiewe gedrag nie langer geduld kan word nie. Dissipline moet altyd die persoon, sy agtergrond, omstandighede en gesindheid in ag neem. Dissiplinêre prosesse moet vlot, billik, regverdig, konsekwent en opvoedkundig verantwoordbaar wees. Die ouer moet ingelig en betrek word by die toepassing van hierdie beleid. Aan die ander kant is dit ook uiters noodsaaklik dat alle leerders ook beskerm word teen mishandeling deur volwassenes en ander leerders (Boelie of aanranding).

Dissipline moet in die hele skool en veral in en om die klaskamers gehandhaaf word om te verseker dat die onderrig sonder ontwrigtende gedrag en oortredings verloop. Elke onderwyser is ten alle tye medeverantwoordelik vir dissipline by die skool en by alle skoolaktiwiteite. Onderwysers moet optree teen enige onaanvaarbare gedrag van leerders in sy/haar omgewing. Onderwysers moet nie net alleen verseker dat hulle optredes in lyn is met die aard van, en, in verhouding tot die oortreding nie, maar moet ook die aanleidende oorsake aanspreek om herhaling te voorkom. Alle ernstige oortredings moet by die skoolhoof of dissiplinehoof aangemeld word.

In geval waar leerlingraadslede dissiplinêr optree teenoor enige ander leerder, word oortredings na die leiervoog (onderwyser) of dissiplinehoof verwys. Leerlingsraadslede mag nie strafmaatreëls uitvoer nie maar verwys dit vir optrede.
Ouers en leerders aanvaar deur inskrywing by die skool die skool- en klaskamer reëls en lê hulle neer by die voorgeskrewe dissiplinêre prosesse en bepalings, wat insluit dat leerders uit die skool gesit mag word, selfs by eerste oortredings van ‘n ernstige aard.

Die leerder en/of ouer se reg tot appél op ‘n dissiplinêre beslissing word erken. Derhalwe het die leerder of die ouer ‘n reg om enige dissiplinêre sanksie of straf te appélleer. Sodanige appél moet skriftelik, op die voorgeskrewe formaat wat beskikbaar is in die kantoor, en binne drie dae na oplegging, by die skoolhoof ingehandig word. Sanksies of strawwe opgelê deur onderwysers word na die skoolhoof geappélleer terwyl sanksies en strawwe opgelê deur die skoolhoof na die Voorsitter van die Beheerliggaam geappélleer word. Oortredings van ‘n ernstige aard wat direk na die dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam verwys was, se sanksies of strawwe moet na die volle Beheerliggaamvergadering verwys word vir oorweging. Die besluit van die Beheerliggaam, onder gesag van die ouervergadering, is finaal en geen verdere appél prosesse sal gehandhaaf word nie. Met inskrywing by die skool aanvaar leerders en ouers die gesag van die Beheerliggaam asook besluite van die Beheerliggaam as finaal en bindend op hulle kind in die appél proses.

## 3. **Dissiplinêre prosedure**

### 3.1 **Prosedure in geval van minder ernstige oortredings (Sien bylae C)**

Gepaste dissiplinêre maatreëls mag deur die onderwyser in klasverband getref word, binne die neergelegde skoolreëls wat van toepassing mag wees. Die onderwyser mag detensienota’s uitreik waarby leerders negatiewe punte akkumuleer wat lei tot die sit van detensieklas gedurende ‘n Vrydagmiddag.

Strafmaatreëls toegepas deur onderwysers in die klaskamer is beperk tot die mondelingse aanspreek van leerders, uitreik van detensienota's of verwysing na die fasehoof, dissiplinêrehoof of skoolhoof.

Strafmaatreëls moet binne die raamwerk van hierdie beleid geskied en die betrokke landswette en regulasies.

In gevalle waar meer as een leerder betrokke is, word elkeen se individuele betrokkenheid en die omstandighede in ag geneem. 'n Finale besluit word ten opsigte van elke leerder geneem en nie ten opsigte van die groep as geheel nie.

### 3.2 Prosedure in geval van meer ernstige oortredings (Sien bylae C)

| | |
|---|---|
| Stap 1 | Enige leerder, onderwyser, ouer of persoon kan 'n klag van ernstige aard by die skoolhoof aanmeld vir ondersoek en optrede. Die volgende dien vermeld te word: die aard van die beweerde oortreding, plek waar dit plaasgevind het, wie daarby betrokke sou wees, getuies indien beskikbaar, en datum van sodanige oortreding |
| Stap 2 | Die skoolhoof sal so spoedig moontlik ondersoek instel na die beweerde oortreding. Indien die saak nie onmiddelik opgelos kan word nie, moet die persoon wat die saak aanmeld 'n redelike tyd – gewoonlik drie skooldae – gun aan die betrokke verantwoordelike persoon by wie die saak aangemeld is, om die saak op te volg en spesifieke terugvoer te gee oor die optrede wat geneem is of voorgestel word. |
| Stap 3 | In samewerking met die dissiplinehoof (adjunkhoof) sal 'n onderhoud en ondersoek na die oortreding met die leerder hanteer word. Die bevindings sal dan aan die klaer deurgegee word. Indien die bevindinge dit regverdig sal 'n datum van ontmoeting met die skuldige en sy/haar ouer gereël word. |
| Stap 4 | Die samesprekings met die oortreder en ouer sal deur die skoolhoof of sy gemagtigde (dissiplinehoof) hanteer word. Die skoolhoof, leerder en ouer kan by die geleentheid ooreenkom oor optrede in belang van al die betrokke partye. |
| Stap 5 | Indien die saak nie bevredigend opgelos kan word nie, of van 'n baie ernstige aard is, reël die skoolhoof dat 'n dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam so gou as moontlik aandag aan die saak skenk. Die dissiplinêre komitee bestaan uit:<br>- Die skoolhoof of sy gemagtigde.<br>- Minimum van twee lede van die Beheerliggaam<br>- Indien nodig, kan enige ander persone tot die komitee toegevoeg of gekoöpteer word |
| Stap 6 | Indien daar meriete in die saak is en van ernstige aard is, word die beweerde betrokke leerder/s formeel aangekla en word 'n klagstaat voorberei deur die skoolhoof en aan die ouer van die beweerde oortreder oorhandig. (Bylae A) |
| Stap 7 | Die dissiplinêre komitee oorweeg die getuienis, skuldig/onskuldig bevinding en moontlike gepaste dissiplinêre stappe. Notules moet gehou word. |
| Stap 8 | Die dissiplinêre komitee se bevindinge en die betrokke sanksie of dissiplinêre optrede, indien enige, word so spoedig moontlik formeel aan die ouer en leerder meegedeel. Die betrokke ouer of leerder word toegelaat om binne drie skooldae en bywyse van die skriftelike |

| | |
|---|---|
| | voorgeskrewe formaat, teen die bevindinge en sanksie/strafmaatreëls te appélleer. Die appél word verwys na ‘n Dissiplinêre-Appél komitee, wat die volle Beheerliggaam is asook ander moontlike gekoöpteerde lede en word hanteer soos bepaal vroeër in hierdie beleid. |
| Stap 9 | Op appél word die saak so spoedig moontlik aangehoor deur ‘n sitting van die Dissiplinêre-Appél komitee in die teenwoordigheid van die betrokke leerder en sy/haar ouer.<br>Die Dissiplinêre-Appél komitee oorweeg die geldigheid van vorige optredes, aanbevelings en besluite wat betrekking het op die saak, win verdere getuienis en inligting in soos nodig geag word. Die Dissiplinêre-Appél komitee is by magte om die besluit van die dissiplinêre komitee te bekragtig of te hersien en te wysig soos nodig. Die finale besluit van die Dissiplinêre-Appél komitee (volle Beheerliggaam), as gemagtigde van die ouervergadering, is bindend. |

Optrede van enige party deur woord of gedrag in stryd met die finale besluit of moedswillige verontagsaming van die finale besluit van die Dissiplinêre-Appél komitee is ‘n ernstige dissiplinêre oortreding, wat daartoe kan lei dat die Beheerliggaam gepaste dissiplinêre maatreëls teen die betrokke persoon kan tref. In die uiterse geval kan die Beheerliggaam die betrokke ouers se keuring by die skool onmiddelik opskort, die betrokke gesinslede met onmiddelike effek verbied om die terrein te betree en al regte by die skool en in die skoolgemeenskap verbeurd verklaar en verantwoordelik hou vir alle uitgawes en skade wat deur sy/haar optrede veroorsaak is.

## 4. Strafmaatreëls

### Toepassing van strafmaatreëls

Wesenlike strafmaatreëls moet altyd met die grootste omsigtigheid hanteer en opgelê word, nadat die skuld van die leerder tot bevrediging van die skoolhoof / dissiplinehoof / fasehoof bewys is in ‘n volledige ondersoek waartydens die leerder ‘n geleentheid gekry het om sy/haar kant van die saak te stel en dit moet altyd in gedagte gehou word dat die straf :

a. indruk moet maak;
b. so gou as moontlik op die oortreding moet volg;
c. die gewenste uitwerking moet hê;
d. met deernis toegepas moet word;
e. geregverdig moet wees.

Die volgende beginsels sal altyd geld in geval van alle dissiplinêre optredes voor wesentlike strafmaatreëls getref word:

a. ‘n Behoorlike ondersoek moet ingestel word, maar die saak moet nie onnodig uitgerek word nie;
b. Die leerder sal altyd die geleentheid gebied word om sy/haar kant van die saak te stel;
c. Geen beslissing mag in woede geneem word nie;
d. Die saak moet so spoedig moontlik hanteer en afgehandel word;
e. In die geval waar meer as een leerder betrokke is, word elkeen se individuele betrokkenheid en die omstandighede in ag geneem. ‘n Finale besluit word ten opsigte van elke leerder individueel geneem en nie ten opsigte van die groep as geheel nie;
f. Ouers sal skriftelik ingelig word oor ernstige dissiplinêre oortredings.

**Dissiplinêre maatreëls**

Die aard en omvang van dissiplinêre maatreëls word bepaal na gelang van die aard van die oortreding en ander tersaaklike omstandighede en kan die volgende insluit:

a. Informele waarskuwings
b. Bykomende skoolwerk en/of huiswerk
c. Ekstra werkskoftake
d. Detensieklasse
e. Ontsegging van voorregte
f. Werk in strafspanne
g. Aanmelding van oortredings by hoofde
h. Aanmelding by ouers
i. Beperkings op bewegings en optredes van die leerder
j. Inkorting van deelname aan skoolaktiwiteite, uitstappies en buitemuurse aktiwiteite
k. Formele skriftelike waarskuwing met aantekening in leerderlêer
l. Openbare verskoning
m. Oproep van ouers en betrokke leerder vir ‘n onderhoud
n. Tydelike skorsing (Bylae B)
o. Permanente uitsetting / skorsing uit die skool
p. Enige ander dissiplinêre optrede wat met die betrokke leerder en ouer ooreenkom word. (Bylae B).

## BYLAES

### Bylae A : Reglement vir dissiplinêre verhoor

**Voor die verhoor**

‘n Formele dissiplinêre verhoor moet gehou word in geval van alle dissiplinêre oortredings wat kan uitloop op skorsing of uitsetting uit die skool, asook waar die Beheerliggaam of ouervergadering daartoe opdrag gee.

‘n Dissiplinêre komitee moet formeel saamgestel word soos bepaal in paragraaf stap 5. Die voorsittende beampte moet formeel aangewys of deur die komitee verkies word. Ten minste 5 dae voor die dissiplinêre verhoor moet betrokke persone, die leerder en sy ouer of voog skriftelik ingelig word bywyse van ‘n kennisgewing wat formeel bedien en indien moontlik ontvangserkenning voor verkry moet word. Ten einde die saak so spoedig moontlik aan te spreek, mag die kennisgewingstydperk van 5 dae verminder word tot ‘n minimum van 3 dae mits die leerder of ouer nie beswaar daarteen aanteken nie en wel teenwoordig is by die dissiplinêre verhoor. Kennisgewing kan bywyse van elektroniese pos versend word, mits die ouer daarvan ontvangs erken het.

Kennisgewing moet skriftelik wees en deur ten minste een van die ouers van die leerder, of sy/haar wettige voog ontvang word. Dit moet onder andere die volgende inligting bevat:

- Die klag of klagtes ingebring, of beweerde oortredings begaan;
- Datum, plek en tyd van die dissiplinêre verhoor;
- Onderteken deur die voorsitter van die Beheerliggaam of skoolhoof.

Die aangeklaagde mag sodanige besonderhede oor die aanklag ontvang as waartoe hy/sy redelikerwys volgens wet geregtig is, indien dit versoek word.

Die aangeklaagde of sy verteenwoordiges of ouers mag geensins getuies of moontlike getuies voor die verhoor dreig, intimideer of viktimiseer nie.

Die aangeklaagde persoon mag versoek dat die aanklag voor die verhoor aan hom/haar verduidelik word – in welke geval minstens een getuie teenwoordig moet wees.

Die aangeklaagde mag voor die verhoor skriftelik aandui dat hy/sy skuld erken. In so geval word ‘n skulderkenning aangeteken en genotuleer waarna die gepaste strafmaatreëls toegepas word.

**Tydens die verhoor**

Tydens die verhoor moet daar behoorlik notule gehou word van die verrigtinge.

Aangeklaagdes mag in hulle afwesigheid verhoor word as hulle versuim om vir die verhoor op te daag, sonder geldige en tydige verskoning. Aangeklaagdes mag op versoek deur hulle ouers / voogde of ‘n personeellid verbonde aan die skool bygestaan word. Eksterne regsverteenwoordiges word nie by dissiplinêre verhore toegelaat nie.

Aangeklaagdes moet die geleentheid gebied word om aangehoor te word en sy/haar kant van die saak te stel en om die tersaaklike feite voor te dra. Aangeklaagdes moet met waardigheid tydens die proses behandel word. Aangeklaagdes moet deur ‘n onpartydige persoon aangehoor word. Aangeklaagdes en getuies mag onderwerp word aan ondervraging.

Alle getuies – maar veral minderjarige getuies – moet met deernis behandel word en deur die voorsittende beampte teen onredelike druk en ondervragingstegnieke beskerm word. Aangeklaagdes mag getuies geensins bedreig of intimideer nie.

Indien die aangeklaagde skuld sou erken, mag die dissiplinêre komitee die nodige strafmaatreëls bepaal en dit so oordra en bevestig met die aangeklaagde en sy ouer. Dit word skriftelik geformuleer en aan die aangeklaagde en sy ouers voorgelê so gou as moontlik na die verhoor, indien dit nie tydens die verhoor kan geskied nie.

**Na die verhoor**

Na die verhoor moet die aangeklaagde en sy ouer/voog skriftelik ingelig word oor:
- die bevindinge van die dissiplinêre komitee;
- die straf wat opgelê is;
- die reg tot appél wat binne drie skooldae skriftelik in die voorgeskrewe formaat by die skoolhoof ingehandig moet word.

## Bylae B : Spesiale strafbepalings

### Algemeen

By Sonneveld Akademie, as onafhanklike skool, moet leerders en hulle ouers verstaan dat die skool as ‘n wettige gesagsliggaam teen hulle sal optree indien hulle in stryd met die skool se grondslag, gedragskode, waardestelsel, skoolreëls of dissiplinêre kode sou optree.

Die Suid Afrikaanse Skolewet, Wet no. 84 van 1996, artikel 8 en 9, magtig die Beheerliggaam om dissipline in die skool te handhaaf. Wanneer daar stappe gedoen word, moet die betrokke leerders ingelig word waarom hulle gedrag as wangedrag beskou word en waarom hulle gedissiplineer of gestraf gaan word.

### Skorsing

Permanente skorsing beteken dat ‘n leerder deur die Beheerliggaam of in opdrag van die ouervergadering, uit die skool verwyder word en verdere toegang tot die skool en skoolaktiwiteite ontsê word. In gevalle waar die voortgesette teenwoordigheid op die terrein die ordelike voortsetting van die opvoedkundige program of die veiligheid of welstand van personeel, leerders of ‘n leerder bedreig, kan die skoolhoof in oorleg met die voorsitter van die Beheerliggaam ‘n leerling tydelik skors totdat die Beheerliggaam ‘n beslissing gegee het. Nieteenstaande mag tydelike skorsing nie vir langer as 5 skooldae aaneenlopend wees nie. Na tydelike skorsing word die formele ondersoekprosedure met die oog op moontlike permanente skorsing dadelik in werking gestel.

Aangesien skorsing / uitsetting ‘n leerder se hele toekoms ernstig kan beïnvloed en sy regte as persoon daardeur benadeel kan word, moet daar met groot omsigtigheid te werk gegaan word in oorweging van die omstandighede van gevalle wat skorsing of uitsetting tot gevolg kan hê.

Skorsing kan oorweeg word, in gevalle waar ‘n leerling:

i. se taalgebruik of gedrag na die mening van die skoolhoof van so aard is dat dit die handhawing van ‘n behoorlike peil van sedelike gedrag, dissipline of sosiale welsyn in die skool in gevaar stel;
ii. na die mening van die skoolhoof ‘n laakbare daad begaan het;
iii. weier om aan die voorgeskrewe opvoedkundige program deel te neem;
iv. weier om die godsdiensplegtighede of Bybelonderrig by te woon;
v. aggressiewe gedrag en optrede wat die veiligheid van ander leerders in gevaar stel;
vi. ‘n gevaarlike wapen in besit het en/of dreig om dit te gebruik;
vii. dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmende middels van enige aard besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewyse van gebruik daarvan toon;
viii. deelneem aan gevegte, aanranding of mishandeling van enige ander leerder of personeel of homself/haarself skuldig maak aan die opstoking daarvan;
ix. ‘n ander leerder of personeel dreig of enige vorm van aggressiewe gedrag openbaar teenoor ‘n medeleerder of personeellid;
x. enige vorm van boeliegedrag van watter aard ookal, wat insluit, maar nie beperk is tot fisiese/liggaamlike boelie; verbale boelie/sleg sê of beledig, geestelike

boelie wat insluit belediging, afkraking, vernedering en kuberboelie van watter aard ookal op sosiale media of enige ander vorm van elektroniese media;

xi. skuldig is aan immorele gedrag of godslastering;

xii. skadelike graffiti aanbring of haattaal besig, aanstig of bevorder;

xiii. skuldig is aan onwettige optrede, vandalisme of vernietiging of ontsiering van skooleiendom;

xiv. skuldig is aan oneerbiedigheid, afkeuringswaardige gedrag en beledigende taal wat teen onderwysers of enige ander persoon of leerder gerig is;

xv. herhaaldelike skending van skoolreëls of gedragskode;

xvi. oortreding van eksamenreëls en/of oneerlikheid.

**Bylae C : Toepassing van skoolreëls**

| Vlak | Tipe oortreding | Sanksie / Strafmaatreël |
|---|---|---|
| **1** | Versuim om klas betyds by te woon.<br>Verlaat klas sonder toestemming.<br>Oneerlikheid in klastoets.<br>Versuim om huiswerk te voltooi.<br>Oneerlikheid met geringe gevolge.<br>Versuim om detensieklas by te woon.<br>Ongemagtigde eet/drink in klaskamer.<br>Ongepaste fisiese kontak tussen leerders.<br>Ongemagtigde gebruik van selfoon.<br>Skrifte/handboeke/sakrekenaar by huis.<br>Afskryf van / of slordige huiswerk.<br>Ontwrig die leeromgewing. / Slaap in die klas.<br>Onwelvoeglike taalgebruik.<br>Rommelstrooi / Verbode terrein betree.<br>Voorkoms nie volgens voorskrifte.<br>Weier om opdrag uit te voer/ongehoorsaamheid.<br>Laat/geen indiening van assesseringstake.<br>Ongemagtigde gebruik van selfoon. | Klasonderwyser:<br><br>Waarskuwing.<br>Detensienota |
| **2** | Gereelde herhaling van vlak 1 oortreding.<br>Besit/Gebruik van tabak/rookinstrumente (Elektronies)<br>Afwesig sonder toestemming van klasse.<br>Boelie van 'n medeleerder.<br>Disrespekvol teenoor 'n onderwyser/leier.<br>In die teenwoordigheid van leerders wat rook. | Klasonderwyser / Dissiplinehoof:<br><br>Detensienota |
| **3** | Gereelde herhaling van vlak 2 oortreding.<br>Erge ontwrigtende gedrag.<br>Boeliegedrag<br>Besit van gevaarlike wapen.<br>Besit van enige ongemagtigde items.<br>Neem van ongemagtigde foto's/video's by die skool.<br>Ongemagtigde plaas van foto's/video's op sosiale media | Dissiplinehoof / Skoolhoof:<br><br>Detensienota<br>Kontak ouers |
| **4** | Gereelde herhaling van vlak 3 oortreding.<br>Dreig met 'n gevaarlike wapen.<br>Diefstal/vandalisme.<br>Opsetlike besering van 'n ander leerder.<br>Boeliegedrag<br>Besit of gebruik van alkohol/narkotiese middele.<br>Afpersing/bedreiging van 'n ander persoon. | Skoolhoof / Beheerliggaam:<br><br>Detensieklas.<br>Inroep van ouer.<br>Beheerliggaam sanksie.<br>Skorsing |
| **5** | Herhaling van vlak 4 oortreding. Besit en verkoop of voorsien van enige narkotiese middels aan 'n mede leerder of personeel.<br>Aanranding van 'n mede leerder of personeel.<br>Seksuele teistering of misbruik.<br>Rook of ernstige diefstal.<br>Opsetlike gebruik van 'n gevaarlike wapen. | Beheerliggaam:<br><br>Inroep van ouer.<br>Beheerliggaam sanksie<br>Skorsing |

Indeling van vlakke van oortreding:

| Vlak | Aard van oortreding | Maksimum strafmaatreël |
|---|---|---|
| Vlak 1 | Geringe oortredings of algemene klaskamer dissipline. | Detensienota |
| Vlak 2 | Geringe oortreding van skoolreëls of gedragskode. | Detensienota |
| Vlak 3 | Ernstige oortreding van skoolreëls of gedragskode. | Kontak ouers<br>Detensienota |
| Vlak 4 | Baie ernstige oortreding van skoolreëls of gedragskode. | Skorsing, Indien nodig, klag by SAPD |
| Vlak 5 | Kriminele- ernstige oortreding van skoolreëls of gedragskode | Skorsing<br>Kriminele klag by SAPD |

## Bylae D : Verdere toeligting van die skool se dissiplinêre benadering

Dit is die ouer se primêre verantwoordelikheid om dissipline by hulle kinders te kweek en te handhaaf. Dit geld ook ten opsigte van die stiptelike nakoming van skoolreëls. Dissiplinêre optrede by die skool het ten doel om kinders se gedrag so te vorm en tot ‘n bepaalde optrede te motiveer, dat elkeen verantwoordelikheid aanvaar vir sy gedrag binne die neergelegde ordereëls van die skool.

Streng konsekwente optrede met die handhawing van orde en dissipline by die skool is uiters noodsaaklik vir die daarstelling van ‘n stimulerende, veilige en geborge leeromgewing. Nieteenstaande, moet dissiplinering van leerders met groot deernis en begrip hanteer word met inagneming van alle betrokke partye se welstand by die skool. Leerders moet deeglik bewus wees wat van hulle verwag word en wat onaanvaarbare gedrag is en wat die gevolge van hulle handel sal wees.

Daar is ordelike kanale geskep vir die hantering van ontevredenheid en konflikte. Die afwyking van die waardestelsel wat deur die ouers, onderwysers en beheerliggaam daargestel is, kan die handhawing van orde en dissipline sodanig ondermyn dat dit besliste optredes verg. Die skool sal sy plig versuim indien ernstige en skadelike optredes van ‘n enkeling die skool, sy ouers of sy onderrigpersoneel se gesag sou ondermyn. Ouers is mede-verantwoordelik vir die handhawing van orde en dissipline en daarom bly dit onlosmaaklik die ouer en onderwyser se plig om regstellende optredes daar te stel indien daar oortree sou word.

**Dissiplinêre prosedures:**

<u>Minder enstige oortredings (Vlak 1 en 2):</u>

- Leerders sal deur die betrokke gesagsdraer aangespreek word.
- Mondelingse waarskuwing word aan leerder gegee.
- Oorweging van die uitreiking van ‘n detensie nota.
- Leerder akkumuleer detensiepunte ooreenkomstig die aard en vlak van die oortreding.
- Herhaaldelike oortreding word aangemeld by die dissiplinêrehoof of skoolhoof wat leerder waarsku of ‘n onderhoud met ouers versoek.
- Oortredings word met die ouer bespreek in die teenwoordigheid van die leerder.
- Korrektiewe stappe en strafmaatreëls word met die betrokke ouers ooreengekom.
- Indien nodig, word ‘n opvolg besoek geskeduleer om die uitwerking van die strafmaatreëls op die oortreder te bespreek.

<u>Meer enstige voorvalle en oortredings (Vlak 3 tot 5)</u>

Ook met optrede en handeling in geval van ernstige oortredings is dit steeds die doel om sover moontlik regstellend eerder as veroordelend op te tree. Tog kan ons nie wegkom van die ernstige aard van bepaalde oortredings nie en sal ons, ons verantwoordelike opdrag as opvoeders en begeleiers faal indien ernstige oortreders nie behoorlik gedissiplineer word nie. Die uitoefening van gesag in die skoolgemeenskap moet voortdurend getoets word teen die vereistes van die etos, karakter en

waardestelsel wat ons vir Sonneveld Akademie aanvaar het en elke dag doelbewus nastreef.

Waar daar redelike vermoede en of voldoende inligting bestaan, het die skoolhoof of onderwyser die wetlike bevoegdheid om enige leerling of eiendom in besit van ‘n leerling te laat deursoek vir gevaarlike wapens, vuurwapens, dwelms of skadelike of gevaarlike middels, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal wat op die eiendom gebring word. Deursoeking moet geskied ooreenkomstig die wetlike vereistes en voorskrifte. Gedurende deursoeking moet menswaardigheid gehandhaaf word en leerders moet deur persone van hulle eie geslag deursoek word, verkieslik, indien moontlik in teenwoordigheid van ten minste een ander persoon van dieselfde geslag.

Prosedure:

- Die oortreder word onmiddellik na die dissiplinêrehoof of skoolhoof verwys.
- Die skoolhoof kontak die ouers en berei ‘n klagstaat voor.
- Klagstaat word aan die ouers verskaf.
- Versoek die Voorsitter van die Beheerliggaam om ‘n dissiplinêre komitee saam te stel.
- Die proses word verder gevolg soos uiteengesit in Bylae A van hierdie beleid.

**Rekordhouding**

Daar moet volledig rekord gehou word van leerders se oortredings asook die korrektiewe stappe geneem. Notules vir alle dissiplinêre verhore moet gehou word. Hierdie rekord is, op versoek, beskikbaar vir insae deur ouers.

**Wetlike raamwerk: Algehele en totale verbod op lyfstraf en meegaande aksies.**

Strafmaatreëls moet ten alle tye binne die wetlike raamwerk toegepas word. Die nie-nakoming van wetlike vereistes en voorskrifte mag lei tot ernstige optredes teen onderwysers en ander gesagsdraers. Sien ook skrywe vanaf die GDE in verband met hierdie aangeleentheid. Betrokke departementele dokument is hierby aangeheg as ‘n aanhangsel en moet saam met hierdie beleid gelees word. Dit word as ‘n integrale deel van hierdie beleid gesien en aanvaar.

**Akkumulering van detensiepunte / Detensieklas**

Leerders akkumuleer detensiepunte vanuit detensienotas aan hulle uitgereik. Hierdie puntetoekenning vind plaas ooreenkomstig die aard en vlak van die oortreding begaan. Hierby aangeheg is die skedule waarvolgens leerders detensiepunte akkumuleer. Nadat die maksimum aantal punte bereik word, word daar van die leerder verwag om ‘n detensieklas by te woon wat sal plaasvind op Vrydaemiddae soos bepaal deur die dissiplinehoof of die skoolhoof. Ouers van leerders wat die detensieklas bywoon moet ten minste 7 dae voor die sitting daarvan skriftelik kennis neem. Indien ‘n leerder nie die betrokke sitting kan bywoon nie, moet die ouers kennis daarvan aan die dissiplinehoof of skoolhoof gee. Dit sal dan oorgedra word na die volgende sitting van die detensieklas.

Leerders se gedrag moet onberispelik wees gedurende die detensieklassitting. Sou ‘n leerder se gedrag onaanvaarbaar wees gedurende sitting van ‘n detensieklas, sal dit in die register aangeteken word en aan die dissiplinehoof of skoolhoof gerapporteer word. Die ouers sal gekontak word en daar sal van die leerder verwag word om die daaropvolgende detensieklas weer by te woon. Daar moet volledig register gehou word van alle leerders wat ‘n detensieklas bywoon. Nadat ‘n leerder ‘n sitting van die detensieklas bygewoon het, word sy ge-akkumuleerde punt gekanselleer en begin die proses weer vanaf nul.

**Hersiening**

Hierdie beleid is onderhewig aan gereelde hersiening namate die omstandighede en voorskrifte verander.

**********************************************